# menlo-insig

**6/2023**

## LIEWE MENLO

*Bernu Pieters, voorsitter van die Parkieraad, is vandeesweek aan die woord met sy (effens verkorte) toespraak waarmee hy die skool tydens die Parkieraad se inhuldiging toegespreek het. Barbara du Toit, ondervoorsitter, se toespraak volg volgende week.*

Almal weet dat daar 60 sekondes in 'n minuut en 60 minute in 'n uur is, maar wie weet dat daar 60 jaar in 'n suksesverhaal pas... die Menlo-suksesverhaal.



Die konsep van tyd is nie vreemd nie en dit word vanjaar veral by die skool beklemtoon. Tyd is 'n vreemde fenomeen en niemand kan ontken dat dit die geneigdheid het om te vlieg nie. Tyd gaan vinnig verby – hiervan kan elke matrikulant getuig. Tyd vlieg nie net wanneer daar 'n wiskundetoets op die horison is nie, want ons verloor geleenthede om 'n verskil te maak en om lewens te verander soos wat die sekondes verbytik. Hierdie beeld was die dryfveer vir die Parkieraad se 2023-visie:
Excelsa Petamus, in Parvis. Streef die hoogste na in die kleinste geleenthede.

Maar hoekom juis vir geleenthede in kleinighede soek? Hoekom gaan ons nie dadelik groot nie? Ons het agtergekom dat dit baie makliker is om hierdie sestig jaar oue olifant happie vir happie te eet. Hoe meer ons die klein geleenthede aangryp en die beste van elke oomblik maak, hoe makliker behaal ons sukses in die groter dinge. Ons skool se waardes – integriteit, lojaliteit, respek en ywer – is al vir dekades die ruggraat van ons skool én die Parkieraad se sukses. Vanjaar sal geen uitsondering wees nie. Goeie waardes vorm tog ons karakter. Deur die loop van hierdie jaar word ons as skool daagliks aan die groot mylpale in ons skool se geskiedenis herinner. Wat is dit anders as nalatenskap?

Hoe wil ons onthou word? Watter stories vertel mense nou oor ons? Watter stories sal hulle in die toekoms oor ons vertel?

Hierdie is die vrae wat ons, as skool, en die Parkieraad onsself elke dag moet vra om sodoende nog 60 jaar se sukses te verseker. Die lewe word nie net gemeet aan die aantal asemteue wat ons neem nie, maar aan die oomblikke wat ons asem wegslaan.

Die Parkieraad sien met verwagting daarna uit om geleenthede in elke situasie – klein en groot – raak te sien.

Wees braaf, leef hierdie jaar ten volle en gee dit wat net JY kan gee. Geniet die klein dingetjies, want eendag kyk jy dalk terug en besef dat dit eintlik groot dinge was.

Onthou, daar is 60 sekondes in 'n minuut en daar is 60 minute in 'n uur. Daar is 60 jaar in 'n suksesverhaal... Menlo se suksesverhaal.

Excelsa Petamus – in Parvis.

## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms, wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Teks: Filippense 2:14-15**
Doen alles sonder kla en teëpraat. Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld.

# DAGBOEK


**24/2** Atletiek: Interhoër
**27/2** Hokkie & Netbal: Proewe
**28/2** Hokkie & Netbal: Proewe
**28/2** Verrykingsakademie: (Ouditorium, 17:00 – 18:00)
**1/3** Hokkie & Netbal: Proewe
Tennis: GN-liga (senior dogters)
**2/3** Debat: ATKV (Eerste ronde, AHS)
Hokkie & Netbal: Proewe









# LEIERSKAP

## Parkieraad ingehuldig – gereed vir ampstermyn

Streef die hoogste na in die kleinste geleenthede. Dit is die credo waarvolgens die Parkieraad vanjaar hulle optrede rig om positiewe verandering te bewerkstellig.

Hierdie visie sal daagliks in die Parkieraad se handel en wandel gestalte vind wanneer hulle deur deelname en betrokkenheid geleenthede skep om 'n verskil te maak.

Na afloop van deeglike opleidingsessies wat verlede naweek afgehandel is, is die Parkieraad gereed om die bul by die horings te pak en hulle rol in die skool na die beste van hulle vermoë te vertolk.

Mnr. Johan Grové en me. Doné Moolman, trotse voogde, het Maandagoggend met geruste harte toegekyk hoe die Parkieraad vir hulle ampstermyn ingehuldig word. Bernu Pieters en Barbara du Toit, voorsitter en ondervoorsitter, het die versekering gegee dat die Parkieraad die skool wil bemagtig om grense te verskuif, want die Parkies kyk met ander oë na 2023.





# AKADEMIE

## Menlo met SOS-toekennings vereer

Die Skoleondersteuningsentrum (SOS) het Vrydag etlike toekennings aan Die Hoërskool Menlopark oorhandig – 'n getuienis van harde werk deur die hele Menlo-familie. Bestudeer jy Menlo se uitslae van naderby is dit duidelik dat ons nie vir die gedugte kompetisie wat enkelgeslagskole bied, terugstaan nie. Menlo se dogters presteer jaarliks uitsonderlik, terwyl ons seuns in 'n klas van hulle eie is wanneer hulle prestasie met die van ander seunskole vergelyk word.

Tel jy die punte bymekaar om die gemiddeld te bereken, is die antwoord duidelik: Menlo-balans is meer as die som van die dele en indien akademie die fondasie van jou toekoms is, is Menlo die enigste keuse.








# GEES

## Tyd vlieg wanneer jy dans!

'n Hoërskoolloopbaan vlieg verby en bied slegs 'n paar geleenthede om skoolklere vir iets deftigers te verruil. Die Parkiebal is so 'n geleentheid en die graad 11- en 12-leerders het die kans om hulle beste voetjies voor te sit (al was dit kaalvoet) verlede Saterdag behoorlik benut. Buiten die feit dat die saal, vierkant en voortuin 'n metamorfose ondergaan het, was ons leerders byna onherkenbaar getooi. Baie geluk aan die hoofleiers, die matriekraad en in die besonder aan hierdie groepe se flukse ouers met 'n uiters suksesvolle aand. Die tema, Tempus Fugit, was in elke faset van die bal sigbaar – van die pragtige dekor tot die kunstenaars wat gaste met hulle truuks vermaak het. Die skoolsaal is met asemrowende dekor in 'n klassieke balsaal omtower, terwyl die vierkant se tentdak verseker het dat geen reën die uitbundige atmosfeer kon demp nie. Sommer vroeg-vroeg is die blinknuwe dansskoene uitgeskop om behoorlik vastrapplek te kry. Die gr. 9-kelners het verder gesorg dat die gaste die aand nie gou sal vergeet nie deur heerlike happies aan te dra. Voor mens egter kon sê, *tyd vlieg,* is die aand omgekuier en omgedans. Geniet die foto's.






# LEIERSKAP

## Junior opleiding: Leierskap vs. Gewildheid

Die Parkieraad bied elke kwartaal 'n junior leierskapsopleidingsessie vir al die graad 8's en 9's aan.

Me. Priscilla Marais was tydens verlede week se opleidingsessie aan die woord om die tema van *leadership* teenoor *likership* met die leiers van more te bespreek.

Te oordeel aan die stampvol ouditorium en breë glimlagte het die Parkies daarvan gehou om meer oor leierskap te leer.

Baie dankie aan mee. Marais, Moolman en mnr. Johan Grové vir hulle reëlings en inisiatief. Ons maak gou weer so.



# ATLETIEK

## Menlo-atlete: Bestes suid van die Sahara

Die Curro Podium Byeenkoms word allerweë as die grootste atletiekbyeenkoms in die land beskou. 1 500 atlete wat 45 skole verteenwoordig is genooi om in die blokke te sak en om hulleself sodoende teen die land se bestes te meet.

Dit is onnodig om die Menlo-atlete se puik prestasies te beskryf, want die uitslae spreek vanself. Hartlik geluk aan elke Parkie wat 'n aandeel aan die skool se puik oorwinning gehad het, asook aan mnr. JJ Smith en me. Lelanie van Wyk – die skool se breiers en organiseerders. Julle leierskap inspireer.

### Algehele uitslae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Helpmekaar College | 3. Paarl Gimnasium | 4. Montana |
| 5. Noordheuwel | 6. Zwartkop | 7. Prestige College | 8. Garsfontein |
| 9. Curro Hazeldean | 10. Nelspruit | 11. Midstream College | 12. Tuks Sport |
| 13. Monument | 14. HTS Middelburg | 15. Waterkloof | |

### Dogters

| | |
|---|---|
| 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. AHMP |
| 3. Noordheuwel | 4. Paarl Gim |

### Seuns

| | |
|---|---|
| 1. Die Hoërskool Menlopark | 2. Helpmekaar College |
| 3. AHS | 4. Curro Hazeldean |

### Individuele Menlo-prestasies

| | |
|---|---|
| Beste junior worpeatleet | Chris Swanepoel |
| Beste senior veldatleet | Alicia Khunou |
| Beste senior baanatleet | Colene Scheepers |




# SWEM

## Swem, Menlo, swem!

Dit is algemene kennis dat swem nie net goeie oefening is nie, maar dat dit die hongerpyne laat knaag. Dit is daarom ondenkbaar om Menlo-swemmers na 'n gala te stuur sonder om seker te maak dat elkeen die innerlike krag het om golwe te maak.

Ter voorbereiding van die drie sweminterhoërs wat verlede week afgehandel is, is die swemspan met 'n heerlike ete bederf. Daarby het elke matriekswemmer 'n spesiale handdoek ter viering van die skool se sestigste bestaansjaar ontvang.

Innerlike krag verwys nie net na kos en koolhidrate nie, maar ook na emosionele krag. Ruan Ras, Tuks se swemkaptein wat al met die Groen-en-goud vereer is, het die swemmers toegespreek sodat elke swemmer slaggereed is om die kompetisie die hoof te bied wanneer die sirene loei.

Na aanleiding van die A-, B- en C-spanne se uitstekende uitslae het die spanete die perfekte kombinasie van kos, koolhidrate en kopkrag bevat.

Menlo-swem bedank graag die swemkapteine (Ennés Zietsman, Rossouw Janson, Mia Theron, Petrus Uys, Teneal Palmer en Heinrich Reynders) en hulle ouers vir die heerlike bederf.

Hier volg die interhoërgalas se uitslae:

### A-liga (8 skole)

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dogters:** | 1. AHMP | 2. Hoërskool Menlopark | 3. Midstream College |
| **Seuns:** | 1. Hoërskool Menlopark | 2. AHS | 3. Pretoria Boys High School |

### Gekombineerde skole:

| | | |
|---|---|---|
| 1. Hoërskool Menlopark | 2. Midstream College | 3. Cornwall Hill College |
| 4. Hoërskool Zwartkop | 5. Hoërskool Garsfontein | 6. Hoërskool Waterkloof |

**Rekords:** Joshua Muller (o. 14) 50 m-borsslag
Rossouw Janson (o. 19) 100 m-vlinderslag
Dogters o. 17 Vryslagaflos (Genna Cloete, Jodi dos Santos, Ilme Taljaard en Keila Manthe)


**Opsomming:**

Medaljes: 12 goud, 12 silwer en 9 brons. Aflosmedaljes: 5 goud, 4 silwer en 8 brons.

Menlo wen die A-liga interhoër vir die dertiende jaar agtereenvolgens.







**B-liga (10 skole)**

**Dogters:** 1. AHMP (B) 2. Hatfield Christian School 3. Curro Hazeldean 4. Hoërskool Menlopark
**Seuns:** 1. AHS (B) 2. St Alban's College 3. PBHS (B) 4. Curro Hazeldean
5. HS Montana 6. Hatfield Christian School 7. Hoërskool Menlopark (B)

**Gekombineerde skole:**

1. Curro Hazeldean 2. Hatfield Christian School 3. Hoërskool Montana 4. Hoërskool Menlopark (B)

**Opsomming:**

Medaljes 2 goud 4 silwer 9 brons

**C-liga (8 skole)**

**Dogters:** 1. Woodhill College 2. AHMP (C) 3. Hoërskool Menlopark (C)
**Seuns:** 1. Hoërskool Oos-Moot 2. HTS John Vorster 3. Woodhill College
4. Sutherland High School 5. Hoërskool Menlopark (C)

**Gekombineerde skole:**


1. Hoërskool Oos-Moot 2. Woodhill College 3. Hoërskool Menlopark (C)

**Opsomming:**

Medaljes: 1 goud, 6 silwer en 10 brons. Aflosmedaljes: 1 goud, 3 silwer en 8 brons.

Menlo-swem se sukses word sonder twyfel aan hardwerkende swemmers, omgee-ouers en toegewyde afrigters toegeskryf. Baie dankie vir elkeen se harde werk – julle bydraes was die verskil.





## Nasionale en provinsiale galas

Die Insig wens graag die volgende swemmers sterkte toe vir die provinsiale en nasionale galas wat eersdaags plaasvind:

SSA Nasionale oopwaterswemkampioenskap:

Jeandré Kleynhans (gr. 12), Kayla Kleynhans (gr. 8), Karla Myburgh (gr. 9), Christiaan Bornman (gr. 8) en Keila Manthe (gr. 11).

Laastens word swemmers en hulle ouers daaraan herinner om alle individuele swemmers se uitnodigings na nasionale en provinsiale galas, asook hulle uitslae en prestasies, aan mnr. Phillip Erasmus (phillip.erasmus@menlopark.co.za) te stuur.

# TENNIS

## Menlo-groot-7: Leeuemoed verower harte, verorber opponente



Die donderstorms wat tans in die laeveld woed, het verlede naweek vir 'n oomblik asem vir die Groot 5 Tennistoernooi opgehou. Die skilderagtige omgewing was die perfekte agtergrond vir naelbyt-aksie uit die boonste rakke waar die voorste spanne in die land jaarliks sake teen mekaar uitspook. Op die oog af is tennis nie 'n ingewikkelde storie nie, maar moet jou nie laat mislei nie.

Om as wenner van die Groot 5 Toernooi van die baan te stap, verg leeuemoed, luiperdspoed en senuwees van staal. Daarby moet die wedstrydplan haarfyn uitgewerk word om die niksvermoedende teenstanders op die agtervoet te betrap en dit alles het die Menlomanne op 'n drafstap vermag.

Die Menlo-spelers wat die skool by die toernooi verteenwoordig het, is:

Valentino Ceronio, Jandré Viljoen, Liam Badenhorst, Devan Matthee, Divan Heyman, Stefan Jansen van Vuuren en Christiaan de Bruine.

Die teenstanders moes in die vroeë stadiums van die toernooi behoorlik bontstaan, maar die kompetisie vir die Parkies het al hoe strawwer geraak namate die toernooi gevorder het. Eindelik het net twee skole bly staan: Menlo en Paul Roos. Die tennisreuse het 'n titaniese stryd gevoer en toe die valbyl val, het Menlo naelskraap, met 'n telling van 4-5, in die tweede plek geëindig. Hier volg die uitslae:

1. Paul Roos Gimnasium
2. Die Hoërskool Menlopark
3. AHS & Boland Landbouskool
5. Hoërskool Garsfontein
6. Hoërskool Waterkloof
7. Hoërskool Monument
8. Hoërskool Nelspruit
9. Hoërskool Wilgerivier
10. HTS Middelburg

Die skool bedank graag die afrigter, mnr. Hendrik Coertzen, en die organiseerder, me. Elné Coertzen, vir hulle aandeel aan die spelers se sukses. #menlotrots

# MUURBAL

## Menlo maak nuwe geskiedenis

Die muurbalmanne van AHS het verlede week vir die eerste keer in die MMA se geskiedenis besoek op Menlo-bodem afgelê. Dit was goed om onsself in vriendskaplike wedstryde teen gedugte teenstanders te meet en die MMA sien daarna uit om in die toekoms weer kragte met ons buurskole saam te snoer om muurbalbande te versterk en die sport te laat groei.



# MMA

# MENLO-MUURBAL-AKADEMIE (MMA)

## LOOTJIEVERKOPE
## R50.00 PER LOOTJIE

### SLUITINGSDATUM: 17 MAART 2023

# WEN!! WEN!! WEN!!

## PRYSE:

- Skiet van 'n blesbokram by CARLSRUHE WILDRESERVAAT net buite Cullinan
- DUNLOP muurbalraket en sak
- R1 500 se geskenkbewys van NGUNI MOON - lekker, kwaliteit vleisprodukte
- SPORTMANS WAREHOUSE-geskenkbewyse
- BABYLONSTOREN-geskenkmandjies
- ROOMYSKOEK geborg deur House of Ice Cream, Olympus
- Geskenkbewyse van NIX AESTHETIC STUDIO vir "Hydration Cleanse with Lash Tint, Brow Tint and Brow Shape" ter waarde van R700
- "Swedish Back, Neck, Shoulder and Scalp Massage" ter waarde van R300

PARKIEBAL / MATRIEKAFSKEIDPAKKET

- Geskenkbewys ter waarde van R400 van ODETTE WILL HAIR & MAKEUP
- "Express Medi Pedi with Gel Toe Overlay" ter waarde van R450 van Nix Aesthetic Studio
- SORBET-geskenkbewys vir "Hands Gel Polish Power" ter waarde van R500

En nog vele meer ...




VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

WORLD OF SQUASH
MENLO-MUURBAL-AKADEMIE


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 – 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 14:00 – 15:00
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
FISIESE WETENSKAPPE: GRAAD 10
EKSTRA KLAS: KWARTAAL 1
DONDERDAE: 14:10 – 15:00
23 Februarie Mnr. Joubert
2 Maart Me. Van der Walt
9 Maart Me. Calitz
16 Maart Mnr. Joubert


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae
















**LYNNWOOD GARDENS ESTATE** FUNDRAISING GOLF DAY

**Dear Golfer / Sponsor**

Lynnwood Gardens Estate is proud to announce their 1st annual **fundraising** golf day in support of projects identified within the Lynnwood Gardens Estate suburb.

| | |
|---|---|
| **WHERE** | **Waterkloof Golf Club, Johan Rissik Drive, Waterkloof** |
| **WHEN** | **FRIDAY, 03 March 2023** |
| **TIME** | **11H00 Shotgun Start** |
| **FORMAT** | **4-Ball Alliance – 2 scores to count** |

**PLEASE EMAIL SHARON – lynnwoodgardensestate@gmail.com** for the registration forms to book a 4-ball or to sponsor a hole/prize.

***We appreciate your kind consideration to take part in what promises to be an awesome golf day.***



TAU | SLOW LEATHER CO







